Woodoc Penetrerende Weerbestande Was Spesifikasieblad

Tipiese Aanwending:
`n Vloeibare penetrerende weerbestande was met ultra-violet filters vir aanwending op buitenshuise verseëlde/behandelde houtwerk. Die produk behandel hout doeltreffend ten spyte van die teenwoordigheid van wasse, olies, vernisse of verseëlaars. Hout behoort eers met `n Woodoc Verseëlaar verseël te word. **Let wel: Die produk kan houtdekke of -trappe glad maak. Gebruik dus baie spaarsamig daarop.**

Produkeienskappe:
Woodoc Penetrerende Weerbestande Was dring die bestaande verseëlaar of bedekking binne om die hout te voed. Die wasinhoud help om vog uit te sluit terwyl die UV-absorbeerder die verseëlaar se UV-weerstand aanvul.

- Verhoog die beskerming van hout teen seisoens- en omgewingsveranderinge.
- Bring die natuurlike kleur en grein van hout na vore.
- Verlewendig die oppervlak, terwyl dit ook skoonmaak en verfris.
- Nie-giftig wanneer droog.
- Beïnvloed nie lym nie.
- Verenigbaar met die meeste vernisse, verseëlaars en afwerkings.
- Onbeperkte raklewe.
- Volledige gebruiksaanwysings op etiket.

Nr: WDpwwax/002 Gedateer: **16/11/11**
Naam:
Woodoc Penetrerende Weerbestande Was
Beskrywing:
Buitenshuise onderhouds- en opknappingswas.
Dekking:
Hang van aanwending af.
Aanwending:
Met verfkwas of lap.
Drogingstyd:
Nie van toepassing.
Produkeienskappe:
`n Helder, vloeibare was geformuleer vir maksimale binnedringing.
Was stol en sak uit teen lae temperature.
Digtheid @ 20^0C: 0,75 (water = 1)
Loodvry. Geen skadelike ontbindingsmateriale nie.
Vlambaar.
Wasinhoud:
Hoog
Behoort nie verdun te word nie.
Verpakking:
375 ml, 1 liter, 5 liter. (20 of 200 liter op versoek by handelaar beskikbaar)

LEES ALTYD DIE AANWYSINGS OP DIE HOUER VOOR AANWENDING. Skud voor gebruik.

VLAMBAAR. Hou buite bereik van kinders. Skadelik indien ingeneem word. Ingestie kan chemiese pneumonitis veroorsaak.

Woodoc®
FOOD FOR WOOD

Vervaardig en bemark deur:
Rekara Mills (Edms) Bpk.
Posbus 16, Fort Beaufort 5720, Suid-Afrika
Tel. +2746 645 1109 Faks +2746 645 1538